## Kyk of jy die Bybelversie se geheime kode kan ontsyfer.

| a | b | c | d | e | f | g | h | i | j | k | l | m |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| ▲ | ✞ | ◊ | ♬ | ☻ | ☼ | ♫ | ♥ | ▼ | ♣ | ♠ | ♦ | 🎼 |
| **n** | **o** | **p** | **q** | **r** | **s** | **t** | **u** | **v** | **w** | **x** | **y** | **z** |
| ◄ | ♪ | ι | 🎶 | ♀ | 🔔 | ☯ | ✈ | ☎ | ✂ | ✋ | ♪ | ► |

### Genesis 1 : 24 – 31

**Toe het God gesê: "Laat die aarde lewende wesens voortbring, elkeen na sy aard:**

**maak _ _ _ _ _ , _ _ _ _ _ wat kruip, wilde _ _ _ _ _ , elkeen na sy**
♬ ▼ ☻ ♀ ☻ ♬ ▼ ☻ ♀ ☻ ♬ ▼ ☻ ♀ ☻

**aard." So het dit gebeur.**

**God het die wilde diere op die aarde gemaak, elkeen na sy aard; ook die mak diere, elkeen na sy aard; en ook al die diere wat kruip, elkeen na sy aard. En God het gesien dit is goed.**

**Toe het God gesê: "Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip."**

**God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep.**

**Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: "Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die vis in die see, oor die voëls in die lug, oor al die diere van die aarde, ook oor die diere wat op die aarde kruip."**

**Verder het God gesê: "Let op! Ek gee aan julle al die plante wat saad gee op die hele aarde; ook al die bome wat vrugte dra en saad gee. Dit sal julle kos wees.**

**Maar aan die wilde diere op die aarde en aan die voëls in die lug en aan die diere wat op die aarde kruip, aan alles wat leef, gee Ek al die groen plante as kos." So het dit gebeur.**

**Toe het God gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed. Dit het aand geword en dit het môre geword.**

© 2008 www.ngkraggakamma.co.za

**Dit was die sesde dag.**

© 2008 www.ngkraggakamma.co.za